higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TEORIE VAN POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 3

7 Desember 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 G
1.3 I
1.4 B
1.5 H
1.6 A
1.7 D
1.8 F
1.9 J
1.10 E

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Waar
2.3 Onwaar
2.4 Waar
2.5 Waar
2.6 Onwaar
2.7 Waar
2.8 Onwaar
2.9 Waar
2.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 toepassing

3.2 reaksie

3.3 polisiemag

3.4 polisiediens

3.5 voorkomende

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1
- Lokval-operasies (sting operations) beteken situasies wat opgestel is ’n poging op misdaad te verhoed of vermeende misdadigers te vang.
- Infiltrasie van ’n georganiseerde misdaadgroep verwys na ’n polisiebeampte wat hom as ’n misdadiger voordoen om inligting oor ’n bende te kry. (2)

4.2 Die verhouding tussen die polisie en die gemeenskap is noodsaaklik as gemeenskapspolisiëring moet slaag.✓ Gemeenskapslede kan wissel van individuele burgers tot verskeie assosiasies en groepe in die gemeenskap.✓ Ander regeringstrukture✓ soos gesondheidsdepartemente,✓ bou-inspekteurs ✓ en gemeenskapsontwikkelingskantore ✓ kan ook betrokke wees. (6 × 1) (6)

4.3
- Uitkomsgebaseerde onderwys, opleiding en ontwikkeling (UBOOO) is ’n leerder-gesentreerde filosofie wat daarop gefokus is om leerderprestasie teen uitkoms te meet.
- Die onderwyser/fasiliteerder/opvoeder is ’n fasiliteerder van leer en ’n ontwikkelaar van mense.
- UBOOO verskil van tradisionele OOO wat hoofsaaklik fokus op die hulpbronne wat vir die leerder beskikbaar is.
- Hulpbronne kan insluit, maar is nie beperk nie tot, onderwysers, opleiers en ontwikkelaars van mense.
- Tradisionele OOO fokus op insette eerder as uitkomste, en op opleiers eerder as studente.
- UBOOO verlang dat leerders demonstreer dat hulle die verlangde uitkomste behaal het.
- Hulle moet bevoegdheid demonstreer aangesien kennis, vaardighede en ingesteldheid gelyk is aan bevoegdheid. (Enige 5 × 1) (5)

4.4
- Beplanning
- Organisering
- Leiding
- Beheer (4 × 1) (4)

4.5
- Wees proaktief. Gedrag is ’n funksie van besluite, nie die toestand waarin ’n persoon is nie, aanvaar dus verantwoordelikheid vir die besluite.
- Begin met die eindpunt in gedagte. Die nalatenskap wat ’n persoon aan die wêreld agterlaat.
- Plaas belangrike dinge eerste: Leer hoe om jouself en jou tyd te bestuur.
- Dink wen-wen. Dink aan oplossings wat almal bevoordeel.
- Probeer eers om te verstaan en dan om verstaan te word: Luister na ander, eerder as om almal te oorweldig.
- Sinergie: Werk kreatief saam.
- Dink nuut: gebalanseerde self-hernuwing (Enige toepaslike 3 × 1) (3)

4.6
- Hidreer behoorlik voordat jy begin om dehidrasie te verhoed. Drink ses tot agt glase water ’n dag, ongeag of jy oefen of nie.
- Hou aan om vloeistof te drink nadat oefening voltooi is om dehidrasie te verhoed.
- Weeg vóór en ná ’n oefensessie. As jy minder weeg, beteken dat vloeistof verloor is en dat meer vloeistof vir toekomstige sessies nodig is.
- Om te wag om dors te word, kan te laat wees. Drink klein hoeveelhede tydens die opleidingsessie.
- Pas vloeistofinname aan volgens die weer om hitte-uitputting of hittesteek te verhoed.
- Luister na jou lyf: Wat vir een persoon werk, werk dalk nie vir ’n ander persoon se liggaamlike hidrasiebehoeftes nie.
- Enige oefening wat vir verskeie ure duur, noodsaak vervanging van elektroliete wat deur sweet verloor word. Natrium en kalium is voorbeelde van elektroliete.
- As jou urine donker is of as jy slegs klein hoeveelhede of geen urine uitskei, verhoog jou vloeistofinname. (Enige toepaslike 5 × 1) (5)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 5

5.1
- Polisiediskresie verwys na die vryheid van die gesag van die polisie om besluite te neem terwyl die werk van polisiëring uitgevoer word. Oor die algemeen beteken dit dat die polisie kan kies om in ’n gegewe situasie op te tree of nie op te tree. Om te arresteer of nie is nie die enigste keer wanneer die polisie hulle diskresie gebruik nie. Polisiediskresie word soms ‘selektiewe wetstoepassing’ genoem.
- Diskresie is oordeel wat ’n polisiebeampte in ’n spesifieke situasie moet gebruik. In ’n demokrasie is die uitoefening van diskresie nie veronderstel om ’n probleem te wees nie. Polisiediskresie in ’n demokrasie is altyd gebonde aan reëls soos die reg, polisiebeleid en gemeenskaps-aanvaarding. (Enige 1 × 3) (3)

5.2 Volgens Covey verteenwoordig die woord etos iemand se persoonlike geloofwaardigheid,✓ die geloof wat mense in iemand se integriteit en bevoegdheid het ✓ en die vertroue wat ’n mens inboesem.✓

As geloofwaardigheid, integriteit, bevoegdheid en betroubaarheid die standaard van genoeg mense in ’n organisasie is,✓ word hierdie standaard die beeld van die organisasie.✓
Die organisasie sal beskou word as een van geloofwaardigheid, integriteit, bevoegdheid en betroubaarheid.✓

Hierdie etos sal die groep waarin die etiese polisiebeampte werk beïnvloed en dit sal uiteindelik die polisiëringsberoep beïnvloed.✓

Histories is erkenning as ’n professie (soos ’n mediese dokter of ’n prokureur) afhanklik van drie kwessies, naamlik

- ’n spesifieke kombinasie van kennis, vaardighede en ingesteldheid ✓ (bevoegdheid, gespesifiseer deur ’n hoër onderwys kwalifikasie waaroor mense saamstem)✓
- ’n ooreenkoms oor etiese standaarde ✓ (word gewoonlik deur ’n raad van professionele wat die professie bestuur)✓
- gemeenskaps- (openbare) aanvaarding dat die gekose loopbaan wel as ’n professie beskou word✓ (12 × 1) (12)

5.3
- Die woord ‘education’ (onderwys) is afgelei van die Latynse woord *educere* wat beteken om uit te lei.
- Onderwys is ’n formele fase van leer wat in skole, kolleges en universiteite plaasvind. Die tekste en die opdragte wat gedoen word, is deel van hierdie fase.
- Dit het ook ’n informele gevolg deurdat dit ingesteldhede, waardes, gedrag en kultuur verander.
- Onderwys behels die aanbieding van leermateriaal aan leerders en debat oor die materiaal waarin die opvoeder ’n belangrike rol speel.
- Sy doel is die ontwikkeling van kennis, vaardighede en ingesteldhede. Dit is ’n fundamentele noodsaaklikheid van ’n persoon se ontwikkeling.

(5 × 1) (5)

5.4
- Beheer is die finale stap in die bestuursproses en die beginpunt vir verdere beplanning.
- Beheer vind ook plaas deur die proses en nie net aan die einde nie.
- Om in beheer te wees deur prosesse help om probleme te identifiseer en remediërende stappe te doen, byvoorbeeld deur die gebeurlikheidsplan te aktiveer.
- Die beheerfunksie kom voor in die areas van delegering asook in menslike, fisiese, inligtings- en finansiële hulpbronne.
- Beheer in polisie-agentskappe, benewens die direkte interne aspekte daarvan, word direk aan die polisie-toesigprosedures gekoppel.
- In hierdie verband is die interne beheerprosdures gemik op die uitskakeling van enige probleme wat gedurende die eksterne toesigprosesse geïdentifiseer word.
- Met ander woorde, goeie beheer beteken om probleme op te los soos hulle voorkom, eerder as om dit later deur toesigprosedures op te los.

(Enige 5 × 1) (5)

5.5
- Die belangrikste verskil tussen basies en intermediêre kardiorespiratoriese oefening is die oogmerk om in ’n hoër hartklopstrek ✓ vir ’n langer tydperk ✓ te oefen wanneer intermediêre kardiorespiratoriese opleiding gedoen word.✓
- Wanneer ’n mens ’n intermediêre kardiorespiratoriese oefenprogram begin, moet die hartslag teen 50–70 persent van die maksimum gehou word ✓ sodat kardiovaskulêre en spierkrag gebou kan word.✓
- Dit is die basiese stadium van oefening. ✓
- Wanneer ’n mens langer oefen, begin die hartslag verhoog. ✓

(Enige 5 × 1) (5)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 6

6.1

- Demokrasie is ’n stelsel van *verteenwoordigende* regering.✓ Soms word dit regering vir die mense, deur die mense genoem.✓
- Om verteenwoordigers in verkiesings te kies, is vry en verkiesings word gereeld gehou.✓
- Alle volwasse burgers is geregtig om in sulke verkiesings te stem ✓ en die kieser word teen intimidasie beskerm omdat die stemming geheim is.✓
- Alle politieke partye is vry om stemme in verkiesings te werf,✓ en kiesers word nie tot ’n enkele party beperk nie.✓ Dit beteken ook dat politieke partye vry is om stemme teen die regerende party te werf.✓
- Wanneer die verkiesings ’n meerderheidstem teen die regering oplewer, val die regering en die meerderheid neem sy plek.✓
- Die verkose liggaam van verteenwoordigers het die uiteindelike mag om wette te maak.✓
- Demokrasie is gebaseer op oortuiging in die waarde van individuele mense.✓ Dit is waarom die gelykheid van burgers dikwels as die hart van die demokratiese staat beskou word.
- In ’n demokratiese staat word elke burger van sekere basiese regte gewaarborg. ✓
- Hierdie regte sluit in sekuriteit teen arbitrêre (inkonsekwente/diktatoriese) arrestasie en straf; vryheid van spraak, van die pers en van samekoms; vryheid van assosiasie en petisie (die reg om partye, vakbonde en ander genootskappe te vorm) en vryheid van godsdiens en onderrig. ✓
- ’n Onafhanklike regsbank waartoe almal toegang tot die howe het. ✓ (Enig (11)

6.2

NO.	TIPE TOESIG	VERANTWOORDELIKE STRUKTUUR
6.2.1	Parlementêre toesig	Portfeuljekomitee oor Polisie
6.2.2	Beleidsimplementering	Nasionale en Provinsiale Sekretariate vir Polisie
6.2.3	Gemeenskapstoesig	Gemeenskappolisiëringsforums (GPF's)
6.2.4	Klagtes teen die polisie	Onafhanklike Polisie-ondersoek Direktoraat (OPOD)
6.2.5	Geregtelike toesig	Howe
6.2.6	Menseregte toesig	Menseregtekommissie
6.2.7	Administratiewe toesig	Openbare Beskermer of Openbare Dienskommissie
6.2.8	Finansiële toesig	Staande Komitee oor Openbare Rekeninge (SKOOR)
6.2.9	Burgerlike gemeenskap toesig	Nieregeringsorganisasies (NROs) of die media

(Akronieme mag gebruik word) (9 × 1) 9)

[20]

OF

VRAAG 7

7.1 Ons, as polisiebeamptes van die Suid-Afrikaanse Polisiediens verbind ons tot die skepping van ’n veilige omgewing vir al die mense van Suid-Afrika deur:

- Deelname in pogings om die kernoorsaak van misdaad in die gemeenskap aan te pak
- Optrede wat die veiligheid of sekuriteit van enige gemeenskap bedreig, te verhoed
- Om misdadige gedrag wat die veiligheid en sekuriteit misdadigers van die gemeenskap in gevaar gestel het te ondersoek en die oortreders te boek te bring

Om verbintenis te realiseer, sal ons te alle tye:

- die Grondwet en die reg handhaaf
- deur die behoeftes van die gemeenskap gelei word
- volle erkenning aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens as werkgewer gee
- saam met die gemeenskap, regering op elke vlak en alle ander verwante rolspelers werk

Om ’n veilige omgewing vir alle mense van Suid-Afrika te skep, onderneem ons om:

- met integriteit ’n verantwoordelike en doeltreffende diens van hoë gehalte te lewer wat vir elke persoon toeganklik is, en voortdurend daarna te streef om hierdie diens te verbeter
- al die beskikbare hulpbronne verantwoordelik, doeltreffend en kostedoeltreffend te gebruik om hulle gebruik te maksimeer
- ons eie vaardighede te ontwikkel en in die ontwikkeling van ons mede-lede deel te neem om gelyke geleenthede vir almal te verseker
- tot die rekonstruksie en ontwikkeling van, en rekonsiliasie van ons land by te dra
- die fundamentele regte van elke persoon te handhaaf en beskerm
- onbevooroordeeld, hoflik, eerlik, eerbiedig, deursigtig en op ’n verantwoordbare manier op te tree
- die magte wat aan ons oorgedra is op ’n verantwoordelike en beheerde manier te beoefen

Werk aktief in die voorkoming van enige vorm van korrupsie en om die oortreders daarvan te boek te bring (Enige 15 × 1)

(15)

7.2
- Hanteer dit wat goed en wat sleg is in polisiëring
- Morele plig en verpligtinge van polisiebeamptes
- Stel morele beginsels of waardes wat polisiebeamptes moet hê
- Gedragsbeginsels wat ’n individuele polisiebeampte en ’n groep polisiebeamptes beheer
- Studie van die algemene aard van moraal en van spesifieke morele keuses in polisiëring
- Reëls van standaarde wat die gedrag van lede van die professie beheer
- Morele gehalte van handelswyse (Enige 5 × 1) (5)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100